Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Suanne Rampou**
Direktoraat: Kurrikulum AOO
Suanne.Rampou@westerncape.gov.za | 021 467 2237

Lêerno.: 21/2/9/3/8/ Expo for Young Scientists (EFYS)
Verwysing: 20240402-2841

Kurrikulum AOO-minuut: 0004/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Vakadviseurs en Prinsipale van sekondêre skole

**Onderwerp: Beroep op leerders tussen die ouderdomme van 11 en 18 jaar om deel te neem aan 2024 se provinsiale Ekspo vir Jong Wetenskaplikes**

1. Die Ekspo vir Jong Wetenskaplikes (*Expo for Young Scientists* (EFYS)) is 'n praktiese program wat 'n passie vir Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese, Wiskunde en Innovasie (WTIWI) by jong leerders tussen die ouderdomme van 11 en 18 jaar wil aanwakker. Die doel is om vaardighede wat nodig is vir die 21ste eeu, soos kritiese denke, probleemoplossing en kommunikasie in 'n wetenskaplike konteks te ontwikkel, leerders aan te moedig om deel te neem aan navorsingsprojekte en om 'n sterk grondslag in WTIWI-velde te ontwikkel. Hierdie vaardighede en waardes dra by tot die opheffing van families en gemeenskappe in 'n veranderende wêreld.

2. Die Ekspo is in 1980 tot stand gebring om:
   - die jeug van Suid-Afrika te inspireer om deel te neem aan WTIWI-aktiwiteite en sodoende 'n belangstelling in hierdie velde te bevorder, asook lewensveranderende wetenskapsvaardighede te ontwikkel
   - geleenthede vir jong leerders te skep om strategieë te gebruik wat leer bevorder en hulle voor te berei om WTIWI-vakke te omarm, en ook hul belangstelling aan te wakker in studierigtings en loopbane in die veld van die wetenskappe.

3. Die Ekspo is in ooreenstemming met:
   - die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se visie om gehalteonderrig vir elke leerder in elke klaskamer in elke skool in die provinsie te verskaf.
   - die provinsiale strategie vir Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie (WWT).
   - die visie van die Ekspo, wat jong wetenskaplikes en navorsers inspireer, en ten doel het om die lewering van die kurrikulum aan die hand van aktiwiteite wat in ooreenstemming met die WWT-vakke is, te bevorder en te versterk.

4. Aktiwiteite word regdeur die loop van die akademiese jaar geïmplementeer om leerders vir die Ekspo voor te berei. Die fokus per kwartaal is soos volg:

- **Kwartaal 1:** Opleidingswerksessies om die leerders voor te berei.
- **Kwartaal 2:** Monitor vordering by die distrikselspo's om terugvoer aan leerders te gee. Al die leerders behoort aan 'n skool of distrikselspo distrik deel te neem om in aanmerking te kom vir deelname aan wetenskapsekspo's in streke. Die skool- en distrikselspo's waarvoor leerders kan inskryf, sal in die verskillende distrikte regoor die provinsie aangebied word. **Sien Bylae A**.
  - **Let wel:** Hierdie sessies is belangrik om aan suksesvolle deelnemers die nodige terugvoer te gee om hul projekte vir die wetenskapsekspo's in streke op te gradeer.
- **Kwartaal 3:** Leerders sal projekte van goeie gehalte aanbied by vier streeksekspo's wat in Kaapstad, Eden Karoo, Stellenbosch en die Weskus gehou sal word. Hierdie streeksekspo's sal aan die gekose leerders wat met innoverende idees vorendag kom die geleentheid bied om aan die Internasionale Wetenskapsekspo, wat in Gauteng gehou sal word, deel te neem.
- **Kwartaal 4:** 'n Omvattende professionele ontwikkelingsprogram vir opvoeders om opvoeders af te rig oor die beste manier om leerders vir die Ekspo voor te berei.

5. **Ekspo-suksesse in 2023**
**Streekswetenskapsekspo's:** 'n Toename van 30% in leerderdeelname, met 50% van die deelnemers wat medaljes ontvang het.
**Internasionale Wetenskapsekspo:** Altesaam 97% van die streeksprojekte is ingeskryf en 95% van die finaliste het as volg medaljes ontvang: drie in die junior en ses in die senior kategorieë. Voorts het 15 finaliste spesiale toekennings ontvang.

6. Skole word aangemoedig om aan leerders met innoverende idees die geleentheid te gee om vir die kompetisie in te skryf. Leerders kan idees vir inskrywings kry deur:
- waarnemings in hul omgewing en gemeenskappe te doen
- die Verenigde Nasies se 17 Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte te raadpleeg
- die 13 kategorieë van die Ekspo, soos in die *Expo Project Guidebook* uiteengesit, af te laai. Gebruik die volgende skakel om toegang tot hierdie hulpbron te verkry: https://exposcience.co.za/get-involved/resources/

7. Leerders word aangemoedig om die WTIWI-klub of wetenskapsessies by die skool te gebruik om idees vir hul projekte te kry en te ontwikkel.

8. Vir meer inligting rakende die streekswetenskapsekspo's, raadpleeg **Bylae B**.

9. Indien u meer inligting verlang, kom asseblief in aanraking met die provinsiale koördineerder vir die Ekspo by Lyndon@exposcience.co.za of telefonies by 083 246 3667.

10. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke opvoeders te bring.

**GETEKEN:** B LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2024-04-10